# Taalbeleid

## 1. INLEIDING

Hierdie dokument is die taalbeleid van (*skool*) wat op (*datum*) deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

## 2. FAKTORE IN AG GENEEM

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

## 3. ONDERRIG EN EKSAMINERING

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal van onderrig van die skool.

## 4. TAAL VAN ONDERRIG

4.1.1 Die taal van onderrig van die Skool is Afrikaans.

4.1.2 Elke leerder of voornemende leerder het die grondwetlike reg om onderrig te ontvang in die amptelike taal van sy keuse by 'n openbare skool, met dien verstande dat onderrig in sodanige taal redelikerwys prakties uitvoerbaar is.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

4.1.3 Die ouer van die leerder oefen namens die leerder die gemelde reg om die taal van onderrig te kies uit. Hierdie keuse moet gemaak word by aansoek vir toelating van die leerder tot die Skool.

4.1.4 Waar die taal van onderrig deur die applikant leerder gekies dieselfde is as die taal van onderrig van die skool en met dien verstande dat daar plek vir daardie leerder in die betrokke graad is, moet daardie leerder tot die skool toegelaat word, onderworpe aan enige moontlike wetlike rede waarom sodanige toelating geweier kan word.

4.1.5 Die prinsipaal moet 'n rekord hou van alle versoeke vir onderrig in 'n ander taal as Afrikaans.

**5. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID**

5.1.1 Die Beheerliggaam verbind homself en die Skool tot die aanbied van Engels as eerste addisionele taal as volwaardige taalvak by die Skool aan te bied.

5.1.2 Die Beheerliggaam namens die skool onderneem ook om alles prakties moontlik te doen om ten minste een ander amptelike taal, soos Suid-Sotho, as volvaardige vak aan te bied of as onderafdeling van die toepaslike leerarea met die oog daarop om leerders 'n basiese gebruik van die betrokke taal aan te leer.

5.1.3 Onderworpe aan beskikbare fondse sal die skool toepaslike Engelse en Suid-Sotho boeke en leermateriaal aankoop vir gebruik deur leerders en opvoeders van die skool, met die oog daarop om hulle bedrewenheid in Engels en Suid-Sotho te verbeter.

6. TALE AS VAKKE:

6.1 Die volgende promosievereistes sal van toepassing wees op taalvakke:

6.1.1 In grade 1 tot 3 moet Afrikaans as huistaal, geslaag word;

6.1.2 In grade 4 tot 7 moet ten minste twee tale geslaag word, een op eerste taalvlak (50%) en die ander op ten minste tweede taalvlak (40%), met dien verstande dat gemelde tale amptelike tale moet wees.

6.2 By voltooiing van graad 7 moet elke leerder beskik oor bevredigende standaarde van bedrewenheid in ten minste twee van die amptelike tale.

7. ALGEMEEN:

Die opvoedingsproses by die Skool moet daarop gemik wees om 'n kultuur van respek vir die land se diverse taalgemeenskappe te kweek.

8. HERSIENING:

Hierdie beleid moet van tyd tot tyd op deurlopende basis hersien en verder ontwikkel word.

GETEKEN TE BLOEMFONTEIN OP HIERDIE 7 DAG VAN JUNIE 2021

Johannes Kriel

Beheerliggaamvoorsitter